**13 Februarie**

**Skrifgedeelte: Lukas 8:22-25**
**Fokusgedeelte: Lukas 8:25**

## Wie is Hy tog?

Die dissipels het Jesus al geken toe hulle in die storm op see was. Hulle het wel nog nie tot die belydenis gekom wat Petrus later uitgespreek het nie, maar Hy was nie meer ’n onbekende vir hulle nie. Tog vra hulle: “Wie is Hy tog?” Dit is ’n vraag van verwondering oor Jesus Christus. Daar het ’n hewige storm op die meer losgebars sodat hulle in lewensgevaar verkeer het en bang geword het. Maar as hulle hul dan tot Jesus wend, bestraf Hy die wind en die water en kom daar ’n groot stilte. Dan hoor ons die dissipels se verwondering in hulle vraag: “Wie is Hy tog?” Al ken hulle Hom in ’n mate, besef hulle hier dat hulle Hom nie kan peil nie.

Daar is verwondering in alle ware geloof: verwondering oor Jesus Christus wat in sy lewe hier op aarde in flitse toon dat Hy mag het oor wind en water, siekte en selfs die dood. Maar ons word veral met verwondering vervul dat Hy, die Seun van God, tot in die dood aan die kruis gegaan het – en dat Hy dit vir mý gedoen het! Wie is Hy tog?

*Sing: Skrifberyming 5-3:4, 5*

*Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)*